

**3 Desember**

**Haggai 1; (Teks: 1:2-4)**

***Prioriteite in ooreenstemming met God se wil***

Is ons prioriteite in ooreenstemming met God se wil? Die Here lei ons tot selfondersoek deur die profeet Haggai.

Haggai tree as profeet op na die terugkeer uit die ballingskap. Deur God se genade het die volk Juda, wat weggevoer was, teruggekeer. In die jaar 536 vC is die altaar in Jerusalem herbou en 'n begin is met die herbou van die tempel gemaak. Toe die werk aan die tempel ses jaar later in 530 vC gestaak is, was nog net die fondasie van die tempel gegooi. Daar het verder niks gebeur nie.

Die volk het met hulle lewe voortgegaan asof alles in orde is. Hulle het by die altaar en die tempelfondasies offers aan die Here gebring. Verder het hulle hulle eie huise gebou en begin luuks maak deur dit met hout te betimmer. Volgens hulle was dit nie nou die geskikte tyd om die tempel te herbou nie.

In 520 vC stuur die Here die profeet Haggai met die boodskap in vers 4. Die Here sê anders as die volk: Dit is nou die tyd. Die volk se eie sake was belangriker as die Here se saak. Hulle prioriteite was verkeerd.

As verlostes in Christus behoort die saak van die Here bo-aan ons prioriteitslys te wees. Waar staan dit op u prioriteitslys?

"...beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God.." sê Jesus (Matt 6:33).

Sing: Psalm 40:4

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)